

Die Accra Belydenis

Opgestel deur die voormalige Wêreld Alliansie van Reformatoriese Kerke (*hierna verwys as die WARC*) -

24ste Algemene Vergadering, Accra, Ghana.

30 Julie tot 13 Augustus 2004

(’n Vertaling uit Engels)

“WARC” in hierdie dokument staan vir “World Alliance of Reformed Churches”.

Verbond vir geregtigheid in die ekonomie en op die aarde

Inleiding

1. In antwoord op die dringende oproep van die Suid-Afrikaanse lede wat in 1995 in Kitwe saamgekom het en vanweë die toenemende dringendheid as gevolg van wêreldwye ekonomiese onreg en ekologiese verwoesting, het die 23ste Algemene Vergadering (Debrecen, Hongarye, 1997) die lidkerke van die Wêreld Alliansie van Reformatoriese Kerke (WARC) uitgenooi om ’n proses van ‘herkenning, opvoeding en belydenis’ te begin. (processus confessionis)’. Die kerke het saam nagedink oor die teks in Jesaja 58, 6 ‘...dat julle die stroppe van die juk afhaal en die verdruktes vry laat weggaan en elke juk stukkend breek’, omdat hulle die pleit-roep gehoor het van broers en susters vanoor oor die hele wêreld en getuies is van hoe die skepping wat God gegee het, bedreig word.

2. Sedertdien het nege lidkerke hulle verbind tot ’n geloof standpunt, sommige kerke het begin met ’n proses om tot ’n verbond sluiting te kom en ander het die onderwerp bestudeer en het raakgesien hoe ernstig die krisis is. Verder het die WARC, saam met de Wêreld Raad van Kerke, die Lutherse Wêreld Federasie en streek- en ekumeniese organisasies konsultasies in al die streke van die wêreld gehou, vanaf Seoul/Bangkok (1999) tot Stony Point (2004). Aanvullende konsultasies het met kerke uit die suide van Buenos Aires (2003) en met kerke uit die suide en noorde van Londen Colney plaasgevind (2004).

3. Toe ons in Accra, Ghana, byeengekom het voor die Algemene Vergadering van die WARC, het ons die slawe kerkers van Elmina en Kaapse Kus besoek, waar miljoene Afrikane tot handelware gemaak is, verkoop is en onderwerp is aan die gruwels van onderdrukking en die dood. Die uitspraak ‘*nooit weer nie*’ is tot leuen gemaak deur die steeds voortgaande handel in mense en onderdrukking van mense deur die wêreldwye ekonomiese sisteem.

4. Vandag kom ons tot ’n besluit aangaande ons geloofsverbintenisse.

Onderskeiding van die Tekens van die Tye.

5. Ons het gehoor dat die hele skepping, in verslawing, tot nou toe sug met die verwagting om bevry te word. (Romeine 8, 22). Ons word uitgedaag deur die uitroepe van hulle wat ly en deur die wonde van die skepping self. Ons sien ’n dramatiese verband tussen die lyding van mense en die skade wat aan die res van die skepping gedoen is.

6. Die tekens van die tye het dringender geword en moet geïnterpreteer word. Die oorsake van die massale bedreiging van die lewe is primêr die produk van ’n onregverdige ekonomiese sisteem wat verdedig en beskerm word deur politieke en militêre mag. Ekonomiese sisteme is ’n saak van lewe en dood.

7. Ons leef in ’n skandelige wêreld wat die oproep van God dat die lewe vir almal is, ontken. Die jaarlikse inkomste van die rykste een persent is gelyk aan dié van die armste 57%, en elke dag sterf 24,000 mense as gevolg van honger en ondervoeding. Die skuld van

arm lande neem voortdurend toe, ondanks die feit dat die terugbetaling van lenings die oorspronklike bedrae veelvoudig oortref. Oorloë om hulpbronne neem die lewens van miljoene mense, terwyl miljoene ander sterf aan siektes wat voorkom kan word. Die wêreldwye HIV en AIDS pandemie teister die lewe in alle dele van die wêreld en tref die armstes waar generiese medisyne nie beskikbaar is nie. Die meeste mense wat in armoede leef is vroue en kinders en die getal mense wat in absolute armoede (minder as 1 US dollar per dag) leef, neem nog steeds toe.

8. Die beleid van onbeperkte groei in geïndustrialiseerde lande en die strewe na wins van multinasionale ondernemings het die aarde geplunder en het die omgewing ernstige skade berokken. In 1989 het daar elke dag één spesie verdwyn en in 2000 selfs een elke uur. Klimaatsverandering, die uitputting van vis voorrade, ontbossing, grond erosie en die bedreiging van skoon water is net enkele van die verwoestende gevolge. Gemeenskappe is ontstig, lewensbestaan is ontnem, kusgebiede en die eilande in die Stille Oseaan word bedreig deur oorstromings en storms neem toe. Hoë vlakke van radioaktiwiteit bedreig gesondheid en die omgewing. Lewensvorme en kultuur kennis ('kultuur-erfenis') word gepatenteer vir finansiële gewin.

9. Hierdie krisis het 'n direkte verband met die ontwikkeling van die neoliberale ekonomiese globalisering wat op die volgende oortuigings baseer is:

- ongereguleerde kompetisie, verbruikerswese en onbeperkte ekonomiese groei en die opgaan van rykdom, is die beste keuse vir die hele wêreld;
- private eienaarskap bring geen sosiale verantwoordelikhede mee nie;
- kapitaal spekulاسie, liberalisering en deregulering van die mark, privatisering van openbare bedrywe en nasionale hulpbronne, onbeperkte toegang vir buitelandse beleggers en invoere, laer belastinge en onbeperkte beweging van kapitaal, sal almal ryk maak;
- sosiale verantwoordelikhede, beskerming van armes en swakkes, vakbonde en die verhoudings tussen mense is ondergeskik aan die prosesse van ekonomiese groei en vermenigvuldiging van kapitaal.

10. Dit is 'n ideologie wat beweer dat daar geen ander alternatief is nie en 'n eindelose hoeveelheid opofferings van die armes en van die skepping vra. Hierdie ideologie wat die valse belofte maak dat dit die wêreld kan red deur die skepping van rykdom en voorspoed, maak aanspraak op soewereine gesag oor hele lewe en eis 'n totale oorgawe wat afgodery is.

11. Ons erken die omvang en kompleksiteit van die situasie. Ons is nie op soek na eenvoudige antwoorde nie. As soekers na waarheid en geregtigheid wat deur die oë van magtelose, lydende mense kyk, sien ons dat die huidige wêreld (wan)orde gewortel is in 'n uiters komplekse en immorele ekonomiese sisteem wat met imperiale mag verdedig word. Met die gebruik van die begrip 'imperiale mag' bedoel ons die samekoms van ekonomiese, kulturele, politieke en militêre mag waardeur 'n onderdrukkende sisteem gevorm word waardeur magtige state hulle eie belange beskerm en verdedig.

12. In die klassieke liberale ekonomie bestaan die staat om private eiendomsreg en kontrakte te beskerm. As gevolg van die stryd van die arbeid beweging het die staat begin om markte te reguleer en te voorsien in maatskaplike welsyn. Sedert die tagtigerjare, as gevolg van die trans-nasionalisering van kapitaal, het neoliberalisme begin om die welsyn funksies van die staat ongedaan te maak. Onder die neoliberalisme is die doel van die ekonomie die verhoging van winste en omset vir die eienaars van produksie en finansiële kapitaal, terwyl die meerderheid uitgesluit word en die natuur soos 'n verbruikers artikel behandel word.

13. Net soos die markte is ook die politieke en regsinstellings wat dit beskerm, geglobaliseer. Die regering van die Verenigde State van Amerika en sy bondgenote vorm saam met internasionale finansiële en handels-instellings (Internasionale Monetêre Fonds, Wêreldbank, Wêreld Handels Organisasie), politieke, ekonomiese of militêre alliansies om die belange van die eienaars van kapitaal te beskerm en te bevorder.

14. Ons sien dat die ekonomiese krisis op 'n dramatiese wyse saamhang met die integrering van ekonomiese globalisasie en omgewings politiek wat deur 'n neoliberale ideologie ondersteun word. Dit is 'n globale sisteem wat die belange van die magtiges verdedig en beskerm. Dit beïnvloed en boei ("betower") ons almal. So 'n sisteem van die opgaring van rykdom ten koste van die armes word in die Bybel as ontrou aan God en as die oorsaak van menslike lyding wat voorkom kan word, beskou - en word Mammon genoem. Jesus het ons geleer dat ons nie God én Mammon kan dien nie. (Lukas 16, 13).

Geloofsbelydenis te midde van ekonomiese onreg en ekologiese vernietiging

15. 'n Geloofsverbintenis kan, met inagneming van streek en teologiese tradisies, op uiteenlopende maniere uitgedruk word: as belydenis, as gesamentlike belydenis, as geloofsoortuiging of as getrouheid aan die verbond van God. Ons kies 'n belydenis, maar nie met die betekenis van 'n klassieke dogmatiese belydenis nie, want die WARC kan nie so 'n belydenis daarstel nie, maar 'n belydenis wat op die noodsaak en dringendheid wys om 'n ware antwoord op die uitdagings van ons tyd en die beroep van Debrecen te vind. Ons nooi lidkerke om ons gemeenskaplike getuienis te ontvang en daarop te antwoord.

16. Ons praat vanuit ons reformatoriese tradisie en omdat ons die tekens van die tyd sien, bevestig die Algemene Vergadering van die WARC dat ekonomiese geregtigheid wêreldwyd noodsaaklik is vir die integriteit van ons geloof in God en ons dissipelskap as Christene. Ons glo dat die integriteit van ons geloof op die spel is as ons stilbly, of weier om op te tree in die aangesig van die huidige sisteem van neoliberale ekonomiese globalisering en daarom bely ons die volgende voor God en voor mekaar.

17. **Ons glo** in God, Skepper en Onderhouer van alle lewe, wat ons roep tot vennote van die skepping en die verlossing van die wêreld. Ons leef uit die belofte dat Jesus Christus gekom het sodat almal lewe in oorvloed sal hê (Johannes 10, 10). Gelei en staande gehou deur die Heilige Gees, is ons ontvanklik vir die realiteite van ons wêreld.

18. **Ons glo** dat God die Heer is van die hele skepping. 'Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan' (Psalm 24,1).

19. **Daarom verwerp ons** die huidige ekonomiese wêreldorde wat deur die wêreldwye neoliberale kapitalisme vereis word asook elke ander ekonomiese sisteem waaronder absolute beplande ekonomieë, wat die verbond van God tart deur die armes, die kwesbare en die hele skepping by die oorvloed van lewe uit te sluit. Ons verwerp elke eis van ekonomiese, politieke of militêre mag wat God se soewereine regering oor die lewe omvêr wil werp en in stryd met God se regverdige heerskappy optree.

20. **Ons glo** dat God 'n verbond gesluit het met die totale skepping (Genesis 9, 8-12). God het op aarde 'n gemeenskap tot stand gebring wat gegrondves is op 'n visie van geregtigheid en vrede. Die verbond is 'n genadegawe wat nie op die mark te koop is nie. (Jesaja 55, 1). Dit is 'n ekonomie van genade ter wille van die huishouding van alles wat geskape is. Jesus laat ons sien dat dit 'n inklusiewe verbond is waarin die armes en gemarginaliseerdes voorrang geniet en Hy roep ons op om geregtigheid vir die 'geringstes van hierdie' (Matteus 25, 40) in die middelpunt van die lewensgemeenskap te stel. Die hele skepping is geseënd en deel van hierdie verbond (Hosea 2, 18 e.v.).

21. **Daarom verwerp ons** die kultuur van die buitensporige verbruikerswese en kompeterende gierigheid en selfsugtigheid van die neoliberale wêreldmark sisteem, en elke ander sisteem, wat voorgee dat daar nie 'n alternatief bestaan nie.

22. **Ons glo** dat elke ekonomie in die 'huishouding van die lewe', wat deur die verbond van God aan ons gegee is met die oog daarop om lewe in stand te hou, aan God rekenskap verskuldig is. Ons glo dat die ekonomie bestaan om die waardigheid en welsyn van mense in gemeenskappe te dien, binne die perke van die volhoubaarheid van die skepping. Ons glo dat mens geroep word om God bo Mammon te kies en dat die belydenis van ons geloof as werke van gehoorsaamheid uitgedruk moet word.

23. **Daarom verwerp ons** ongereguleerde vermenigvuldiging van rykdom en onbeheerde groei wat miljoene lewens gekos het en 'n groot deel van die skepping van God vernietig het.

24. **Ons glo** dat God 'n God van geregtigheid is. In 'n wêreld vol korrupsie, uitbuiting en selfsugtigheid is God op 'n besondere wyse die God van die hawelose, die arme, die veronregte en die misbruikte (Psalm 146, 7-9). God eis van ons 'n regverdige verhouding met alles wat geskape is.

25. **Daarom verwerp ons** elke ideologie of ekonomiese mag wat wins bo mense stel, nie omgee vir die hele skepping nie en wat die gawes wat God vir almal bedoel het, privatiseer. Ons verwerp elke leer wat in die naam van die evangelie diegene regverdig wat so 'n ideologie ondersteun of hulle nie daarteen verset nie.

26. **Ons glo** dat God ons roep om by die slagoffers van onreg te staan. Ons weet wat die Here van ons vra: om reg te doen, liefdevolle trou te bewys en bedagsaam te lewe voor God (Miga 6, 8). Ons is geroep om ons te verset teen elke vorm van onreg in die ekonomie en teen vernietiging van die omgewing, 'sodat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom.' (Amos 5, 24).

27. **Daarom verwerp ons** elke teologie wat beweer dat God net daar is vir die ryke en dat armoede die fout van die armes is. Ons verwerp elke vorm van onreg wat *regverdige verhoudinge* met geslagte, rasse, klasse, gestremdes of stande vernietig. Ons verwerp elke teologie wat sê dat menslike belange dominant is, bo die belange van die natuur.

28. **Ons glo** dat God ons roep om na die geroep van die armes en die versugting van die skepping te luister en om Jesus Christus na te volg wat gekom het sodat elkeen die lewe in oorfloed sal hê. (Joh. 10, 10). Jesus het vir die verdrukke geregtigheid gebring en brood vir hulle wat honger is; Hy bevry die gevangenis en herstel die sig van blindes. (Lukas 4, 18); Hy ondersteun en beskerm die vertrapte, die vreemdeling, die wees en die weduwee.

29. **Daarom verwerp ons** elke kerklike praktyk of leer wat die armes en die sorg van die skepping nie as opdrag beskou nie en wat hulle steun wat gekom het om 'te steel, te slag en te verwoes' (Johannes 10, 10) in plaas daarvan om die 'goeie herder' te volg wat gekom het om lewe aan almal te gee (Johannes 10, 11).

30. **Ons glo** dat God mans, vroue en kinders op elke plek, ryk en arm, saamroep om die eenheid van die kerk en sy opdrag in stand te hou, sodat die versoening waartoe Christus ons roep, sigbaar kan word.

31. **Daarom verwerp ons** elke poging in kerke om geregtigheid en eenheid van mekaar te skei.

32. **Ons glo** dat ons in die Gees geroepe is om rekenskap te gee van die hoop wat deur Jesus Christus in ons is, en glo dat geregtigheid sal oorwin en vrede sal heers.

33. **Ons verbind onself** om te streef na 'n wêreldwye verbond vir geregtigheid in die ekonomie, op die aarde en in die huishouding van God.

34. **Ons bely hierdie hoop nederig**, omdat ons weet dat ons ook onder die oordeel van God se geregtigheid is.

- Ons erken die medepligtigheid en skuld van almal wat bewustelik of onbewustelik bevoordeel is deur die huidige neoliberale ekonomiese sisteem; ons erken dat ook kerke en lede van ons eie reformatoriese tradisie hieraan deel het en daarom doen ons 'n beroep op hulle om hulle skuld te bely.
- Ons erken dat ons gevangenis geword het van die verbruiker kultuur as gevolg van die kompeterende gierigheid en selfsugtigheid van die huidige ekonomiese sisteem. Dit het dikwels selfs ons spiritualiteit binnegedring.
- Ons bely ons sonde dat ons die skepping misbruik het en ons taak as rentmeesters en vennote van die natuur, nie nagekom het nie.
- Ons bely ons sonde, dat die gebrek aan eenheid in ons reformatoriese familie ons verswak het om ten volle in diens van God te staan.

35. **Ons glo**, in gehoorsaamheid aan Jesus Christus, dat die kerk geroep is om te bely, te getuig en op te tree, selfs wanneer regerings en menslike wette ons verbied om dit te doen en straf en lyding die gevolg daarvan is. (Handelinge 4, 18 en verder). Jesus is Heer.

36. **Ons prys God saam**, Skepper, Verlosser en Gees, wat 'magtiges onttron het en nederiges verhoog het, wat die wat honger is met goeie dinge vervul het en rykes met leë hande weggestuur het.' (Lukas 1, 52 en verder).

Verbond sluiting ter wille van Geregtigheid

37. Deur ons geloof saam te bely, sluit ons 'n verbond in gehoorsaamheid aan God, as teken van ons getroue onderlinge solidariteit in verhoudings waarin ons aanspreeklikheid aanvaar. Dit help ons om saam te werk aan geregtigheid in die ekonomie en op die aarde in ons gesamentlike, wêreldwye konteks met uiteenlopende streek en plaaslike kontekste.

38. Op hierdie gesamentlike reis het sommige kerke al hul verbintenis deur middel van 'n geloofsbelydenis uitgespreek. Ons dring by hulle aan dat hulle hierdie belydenis in konkrete aksie sal vertaal, beide op streek en plaaslike vlak. Ander kerke het begin om hulle te verbind tot 'n proses en het aksies onderneem. Ons dring by hulle aan om op dié pad verder te gaan deur opvoeding, belydenis en aksie. Omdat ons in hierdie verbond wedersyds aanspreeklik is, dring ons weer by die kerke wat nog in die proses van besinning is aan om meer aan opvoeding te doen en hulle belydenis hieroor verder te voer.

39. Die Algemene Vergadering roep die lidkerke op om, op grond van hierdie onderlinge verbintenis, die moeilike en profetiese taak op te neem om opvoeding te verdiep en vordering te maak ten opsigte van hulle belydenis hieroor.

40. Die Algemene Vergadering dring by lidkerke aan om hierdie belydenis praktyk te maak deur die aanbevelings met betrekking tot ekonomiese geregtigheid en ekologiese kwessies van die "Public Issues Committee" op te volg. (Appendiks 18).

41. Die Algemene Vergadering verbind die WARC om saam met ander kerkgemeenskappe, die ekumeniese gemeenskap, gemeenskappe met ander geloofsoortuigings en burgerlike en volks bewegings te werk aan 'n regverdige ekonomie en die integriteit van die skepping en doen 'n beroep op ons lidkerke om dieselfde te doen.

42. Nou kondig ons met passie aan dat ons onself, ons tyd en ons energie daartoe verbind om die ekonomie van die aarde te verander, te vernuwe en te herstel, omdat ons die lewe kies, sodat ons en ons nageslag mag lewe. (Deuteronomium 30, 19).

*Vertaling in Afrikaans deur Eerwaarde Andries J Combrink (M.Th; US, 1977.)
Bedienaar van Woord en Sakrament in die Verenigende Presbiteriaanse Kerk in Suidelike Afrika (UPCSA)*

*Translation into Afrikaans by the Rev Andries J Combrink (M.Th; US, 1977).
Minister of Word and Sacrament in the Uniting Presbyterian Church in Southern Africa. (UPCSA).*